# Hemelvaart
## 2022

HANDELINGE 1:1-11

40dae
2022

[1]My eerste boek, Teofilus, het ek geskrywe
oor alles wat Jesus gedoen en geleer het, van
die begin af [2]tot op die dag van sy
hemelvaart. Voordat Hy in die hemel
opgeneem is, het Hy deur die Heilige Gees
bevele gegee aan die manne wat Hy as
apostels uitgekies het. [3]Ná sy dood het Hy
aan hulle met baie onbetwisbare bewyse ook
getoon dat Hy lewe.

*Handelinge 1:1-11*

In die loop van veertig dae het Hy by verskeie
geleenthede aan hulle verskyn en met hulle oor
die dinge van die koninkryk van God gepraat.
4 Terwyl Hy 'n keer saam met hulle aan tafel was,
het Hy hulle beveel: “Moenie van Jerusalem af
weggaan nie, maar bly wag op die gawe wat die
Vader belowe het, soos julle van My gehoor het.
5 Johannes het wel met water gedoop, maar julle
sal binne 'n paar dae met die Heilige Gees gedoop
word.”

Handelinge 1:1-11

6Toe hulle 'n keer weer bymekaar was, het hulle vir
Jesus gevra: “Here, is dit nou die tyd dat U die
koninkryk vir Israel weer gaan oprig?”
7Hy het hulle geantwoord: “Dit is nie vir julle om
die tyd en omstandigheid te weet wat die Vader in
sy eie mag bepaal het nie. 8Maar julle sal krag
ontvang wanneer die Heilige Gees oor julle kom,
en julle sal my getuies wees in Jerusalem sowel as
in die hele Judea en in Samaria en tot in die
uithoeke van die wêreld.”

*Handelinge 1:1-11*

9 Nadat Hy dit gesê het, is Hy opgeneem terwyl
hulle dit sien, en 'n wolk het Hom weggeneem,
sodat hulle Hom nie langer kon sien nie. 10 Terwyl
Hy weggaan en hulle nog stip na die hemel kyk,
het daar skielik twee mans in wit klere by hulle
gestaan. 11 Dié sê toe vir hulle: "Galileërs, waarom
staan julle so na die hemel en kyk? Hierdie Jesus
wat van julle af na die hemel toe opgeneem is, sal
net so terugkom soos julle Hom na die hemel toe
sien opgaan het."

*Handelinge 1:1-11*

18 Jesus kom toe nader en sê vir hulle: "Aan My
is alle mag gegee in die hemel en op die
aarde. 19 Gaan dan na al die nasies toe en
maak die mense my dissipels: doop hulle in
die Naam van die Vader en die Seun en die
Heilige Gees, en 20 leer hulle om alles te
onderhou wat Ek julle beveel het. En onthou:
Ek is by julle al die dae tot die voleinding van
die wêreld."

*Matteus 28:18-20*

63Maar Jesus het niks gesê nie. Die hoëpriester sê
toe vir Hom: "Ek stel jou onder 'n eed by die
lewende God dat jy vir ons moet sê: Is jy die
Christus, die Seun van God?"
64Jesus antwoord hom: "Dit is soos u sê. Daarby sê
Ek vir julle:

> "Van nou af sal julle die Seun van die mens
> sien waar Hy aan die regterhand sit van Hom
> wat magtig is, en julle sal Hom sien kom op die
> wolke van die hemel."

*Matteus 26:63-64*

30 “Dan sal die teken van die Seun van die mens in die hemelruim verskyn, en al die volke van die aarde sal verslae wees. Hulle sal die Seun van die mens op die wolke van die hemel sien kom met groot krag en majesteit.

*Matteus 24:30*

13 “My nagtelike visioen het voortgeduur: daar het
in die wolke iemand aangekom, iemand soos 'n
menslike wese. Hy het na Hom toe gegaan wat
ewig lewe en is voor Hom gebring.
14 “Aan dié menslike wese is die heerskappy
en eer en koningskap gegee
sodat al die volke, nasies en taalgroepe hom sou
dien. Sy heerskappy is 'n ewige heerskappy,
dit sal nie tot niet gaan nie;
sy koningskap sal nie ophou nie.

*Daniël 7:13-14*

**Vroeg die volgende oggend het hy aan die voet van die
berg 'n altaar gebou van twaalf klippe, vir die twaalf
stamme van Israel. 5 Hy het toe van die jong Israeliete
gestuur om bulle as brandoffers en maaltydoffers vir
die Here te offer.
15 Terwyl Moses die berg uitklim, het 'n wolk dit omhul.
16 Die magtige teenwoordigheid van die Here het op
Sinaiberg gebly, en ses dae het die wolk die berg
omhul.
18 Moses het toe die wolk ingegaan en nog verder
boontoe uitgeklim.**

*Eksodus 24:4-5; 15-16; 18*

15 Wanneer Aäron die bokram slag wat as
sondeoffer vir die volk bedoel is, moet hy
met die bloed agter die voorhangsel ingaan
en daarmee doen soos hy gedoen het met die
bul se bloed. Hy moet dit sprinkel op die
deksel en voor die deksel. 16 So moet hy die
Allerheiligste reinig van die onreinhede van
die Israeliete, van hulle oortredinge en al
hulle sondes.

*Levitikus 16:15-16*

3 Uit Hom straal die heerlikheid van God en Hy is
die ewebeeld van die wese van God. Hy hou alle
dinge deur sy magswoord in stand. Nadat Hy die
reiniging van sondes bewerkstellig het, het Hy
gaan sit aan die regterhand van die Majesteit in
die hoë hemel.

12 Maar Jesus Christus het één offer vir die sondes
gebring en vir altyd aan die regterhand van God
gaan sit.

*Hebreërs 1:3; 10:12*

9 Julle, daarenteen, is 'n uitverkore volk, 'n
koninklike priesterdom, 'n nasie wat vir God
afgesonder is, die eiendomsvolk van God, die
volk wat die verlossingsdade moet verkondig
van Hom wat julle uit die duisternis geroep
het na sy wonderbare lig.

*1 Petrus 2:9*

Uit liefde vir ons het Hy ons deur sy bloed van ons
sondes verlos 6en ons sy koninkryk gemaak,
priesters vir God sy Vader. Aan Hom behoort die
heerlikheid en die krag tot in alle ewigheid! Amen.
7Kyk, Hy kom met die wolke, en al die mense sal
Hom sien, ook hulle wat Hom deurboor het; en al
die volke van die aarde sal oor Hom in selfverwyt
weeklaag. Ja, dit is seker!
8"Ek is die Alfa en die Omega," sê die Here God, Hy
wat is en wat was en wat kom, die Almagtige.

Openbaring 1:5-8

# Hemelvaart
## 2022

HANDELINGE 1:1-11

40 dae 2022